**Blok nommer: F1 – 8**

| | |
|---|---|
| Kultivar | Cripps Red |
| Grootte | 3.71ha |
| Kruisbestuiwer | 0.44ha |
| Plant jaar | 2016 |
| Ry Wydte | 3.5m x 1.5m |
| Besproeiing | 30L Gyro mikro spuite, een by elke boom |
| Onderstam | MM109 |
| Stelsel | Dubbel palmet |

**Geskiedenis van die boord**:
My broer, Guillaume Lingenfelder en Mias Pretorius was saam met 'n Two a Day toer in Italië waar hulle 'n soortgelyke stelsel gesien het.
Ons het die stelsel verfyn met 8 drade beide kante van die paal, m.a.w 4 takke wat gebuig is regoor mekaar.
Dit gee vir jou 32 sagte permanente takke per boom. As hulle dik raak, word hulle verwyder in die winter, miskien elke 10e boom 1 tak.
Vroeër jare het ons baie gewerk aan dikte verhoudings.
Toe ons die boord in 2016 geplant het, was dit baie swak boompies. Ons wou die bome terugstuur na die kweker, maar kon nerens bome vind nie. Ons het die boord vir 2 jaar gepaal om ons hoogte wat 100% van rywydte is, te vul.

Tonne van aantal jare is as volg:

| | |
|---|---|
| 2019 | 40 ton |
| 2020 | 78 ton |
| 2021 | 128 ton |
| 2022 | 145 ton |
| 2023 | 180 ton met R 1 008 571 bruto inkomste per ha |
| 2024 | 196 ton met R 1 112 183 bruto inkomste per ha |
| 2025 | 150 ton met R 836 552 bruto inkomste per ha |
| 2026 | Verwagte tonne van 200 ton+ met 'n verwagte bruto inkomste van R 1 000 000+ |
| Totale tonne oor 8 jaar | 1117 ton |
| Gemiddeld oor 8 jaar | 139 ton |

Rusbreek
3L BP Ampron plus 'n half Dormex

Uitdun strategie
Ons uitdun resep was 16ml Pomoxa plus 90g Karbaspray 7 dae na volblom.
'n Week later nog een en daarna opgevolg met Maxcell 600ml plus Karbaspray.
Ons het baie min met die hand uitgedun en het basies net trosse los gemaak.

LINGENFELDER BROERS (PTY) LTD • PO BOX 150, RUSTFONTEIN, VILLIERSDORP, 6848
VAT: 482 025 5547 • Reg Nr: 2021/939493/07
Email: office@rustfontein.co.za • Leatitia: 082 356 4868
Albert: 082 853 4971 • Guillaume: 082 447 4006 • Francois: 082 489 8939

Water:

| | |
|---|---|
| 2026 | 6500 kubiek per ha |
| Dit is 37.51L per kg vrug wat geproduseer is | |

2024 was sover die blok se hoogste tonne met 196 ton per ha.
Sy *split size* was as volg:

| | |
|---|---|
| 77 – 88mm | 6.47% |
| 72 – 77mm | 23.16% |
| 66 – 72mm | 47.47% |
| | |
| Pakhuis se 66 – 72mm gemiddeld | 38.9% |
| 59 – 66mm | 20.94% |
| 56 – 59mm | 1.83% |
| | |
| *Undersize* | 0.13% |
| | |
| *Sweet spot* vir Cripps Red is 66 – 72mm | |

Ons wil vanjaar kyk waar die blok piek met 200ton+.
Omdat *undersize* baie min was in 2024 dink ons die blok kan nog baie meer tonne gee. Alle dra oppervlakte is ook nog nie gevul nie.

Die kleur *split* was as volg:

| | |
|---|---|
| 70 – 100 | 54.10% |
| 50 – 70 | 45.23% |
| 30 – 50 | 0.33% |
| 0 - 30 | 0.34% |